

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van: Michelle Goosen

Universiteit: Universiteit van Pretoria

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

Studierigting:

MA Toegepaste Taalstudie

**Titel van proefskrif of
Verhandeling:**

Aspekte van die ontwerp en samestelling van 'n veeltalige
aanlyn termbank vir Suid-Afrikaanse universiteitstudente

Datum van afhandeling:

29 Januarie 2018

Uitslag:

70%

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Hierdie studie stel ondersoek in na die daarstel van 'n veeltalige aanlyn termbank. Die doel van so 'n veeltalige aanlyn termbank sou wees om aan die meerderheid van Suid-Afrikaanse studente 'n platform in hulle sterkste taal te bied om fundamentele konsepte in verskeie vakgebiede te begryp. So 'n veeltalige aanlyn termbank sal ook die behoefte aanspreek om studente die nodige ondersteuning te bied om hulle studies in die toegekende tyd suksesvol te kan voltooi en hulle toe te rus met gevorderde akademiese geletterdheidsvlakke. Daar word ondersoek ingestel na die mate waartoe korpusgebaseerde terminologie as metodologiese aanloop tot die vestiging van 'n veeltalige aanlyn termbank aangewend kan word. Aspekte waaraan daar spesifiek aandag gegee word, is die semi-outomatiese onttrekking van: terme, verklarende inligting, kollokatiewe inligting en gebruiksvoorbeelde vanuit doelgemaakte korpora. Daar word geargumenteer dat die verklarende inligting wat semi-outomaties onttrek word gebruik kan word om terminologiese definisies saam te stel, aangesien vakspesialiste terme bewustelik/onbewustelik verduidelik wanneer vakspesifieke tekste saamgestel word. Verskillende moontlikhede word oorweeg vir die aanbieding van kollokatiewe inligting. Daar word voorgestel dat dié inligting as 'n aparte datakategorie aangebied moet word. Kollokatiewe inligting en gebruiksvoorbeelde kan nie vanuit tale wat hulpbronarm is onttrek word of net bloot vanuit die brontaal (Engels) na die teikentaal (een van die 10 amptelike Afrikatale) vertaal word nie. Die voorstel word gemaak dat die betrokke inligting deur die terminoloog, in samewerking met die vertaler en vakspesialis, in die teikentaal geskep moet word. As teoretiese raamwerk word die Kommunikatiewe Teorie van Terminologie (Eng: *Communicative Theory of Terminology*, afgekort as CTT) as uitgangspunt gebruik.